HOE OM JOU GESIN TE ONTSTIG
DEEL 2
30 Oktober 2005
Ds Freddie Schoeman

Moenie gedurig met mekaar stry en baklei nie. Konsentreer liewer op die dinge waaroor julle saamstem. Wees lojaal teenoor mekaar. Voel saam, streef saam, doen saam. As julle dit doen, sal julle my regtig baie bly maak. Moenie net aan julleself dink of heeltyd aandag soek nie. Wees liewer maar die minste sodat ander die meeste kan wees. Niemand moet net aan homself dink nie. Elkeen moet ook aan die ander om hom dink. (Fil 2:5)

Wil jy 'n wenner wees of 'n verloorder? In jou verhoudings: gesin / vriende / vriendinne?

Die grootste verwoester van verhoudings is selfsug. As jy ander se belange op die hart dra en eerste aan hulle dink – dan word verhoudings gebou en sterk gemaak.

1. Jy kan afbrekende woorde sê en verloor / of jy kan opbouende woorde sê en wen

Woorde maak seer. "Sticks and stones may break my bones ..."

Wil jy rêrig jou gesin ontstig? Begin om opbouende woorde te sê. Sê mooi en goeie goed vir mekaar.

[29] Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom. (Efesiërs 4:29)

Doen dit sommer hierdie week:
**SÊ ELKE DAG IETS OPBOUENDS
**VRA VERGIFNIS AS JY IETS LELIK GESÊ HET.

2. Jy kan ondankbaar wees en verloor / of jy kan waardering toon en wen

Dis hulle werk! Dis hulle plig om dinge vir jou te doen! Ja?

Waardeer hulle en wys dit: nie deur goedkoop geskenke ("World's best Dad"). Skryf 'n brief van waardering en dank.

Doen dit sommer hierdie week:
**SKRYF 'N BRIEF VAN WAARDERING
**LYS 10 DINGE WAARVOOR JY DANKBAAR IS

[18] Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag. (1 Tessalonisense 5:18)

3. Jy kan bitter wees en verloor / of jy kan vergewe en wen

Dis nie lekker om in die teenwoordigheid van 'n bitter persoon te wees nie. Dis asof hulle geleentheid soek om ander verkleineer en belaglik te maak. Hulle het 'n soort siekte in hulle wat hulle graag oor jou sal wil braak as hulle kan.

Doen dit sommer hierdie week:
**VRA VERGIFNIS (Uit die bloute!)
**GEBRUIK "EK-TAAL" AS JY ONTSTELD IS

Miskien het jy ook bitterheid wat jy in jou ronddra. Miskien is dit iets wat jou pa of jou ma gedoen het – wat dit ook al mag wees. Maar jy het hierdie ding hier binne in jou – en nou is dit moeilik om vriendelik te wees; jy soek na 'n geleentheid om moeilik te wees en hulle soort van terug te kry.

Die manier om hier te wen is om te vergewe. Dis soms nie maklik nie. Maar dis die enigste manier om die galbitter hier binne in jou te laat weggaan.

[31] Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie. [32] Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het. (Efesiërs 4:31-32)

4. Jy kan dit sonder God doen en verloor / of jy kan God se hulp vra en wen

God is die ontwerper van die gesin. Hy weet hoe die gesin werk. Hy weet wat ons moet doen as iets verkeerd gaan. Hy weet om dit reg te maak. Daarom kan ons na Hom toe gaan. Ons moet altyd na Hom toe, nie net as iets verkeerd gaan nie. Maar as iets verkeerd gaan, dan is Hy daar om ons by te staan en vir ons wysheid te gee. Soos Paulus bid:

Ons vra God dat Hy deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, julle sy wil duidelik sal laat ken, [10] sodat julle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang. (Kolossense 1:9-10)

Doen dit sommer hierdie week
**BID VIR JOU GESIN
**VRA DAT GOD JOU WYSHEID SAL GEE